GB UITREIK-VERSLAG

Almal maak saak en elke bietjie tel

Doreen Roberts
14 Januarie 2021

Die jaar 2020 het baie uitdagings en geleenthede vir die Uitreik-span ingehou. Een van die onbetwisbare probleme was dat ons nie fondse op dieselfde wyse as in vorige jare kon insamel nie.

Ná drie weke van inperking in Maart 2020 het ons paniekbevange geraak omdat ons nie meer die kinders in Casablanca en Secor Park aan wie ons hongerverligting bied, kon bereik nie en die skole was gesluit. Ek het 'n netwerk begin opbou met ander organisasies wat gemeenskapsondersteuning verleen om 'n dinkskrum te hou oor hoe ons lede van ons gemeenskap kon bereik wat as 'n regstreekse gevolg van die inperking gebrek gely het.

Ons het gou-gou 'n klein groepie gevorm wat ons die **COVID-kospakkieprojek** genoem het, met die doel om hongerverligting aan mense in ons gemeenskap te bied. Ons span het bestaan uit Edwina Hadfield, wat die GBBV en GB Security verteenwoordig het, Paula Lang van GB Lions Club, Ian Campbell van die United Church, Anne Fouche wat GB Security verteenwoordig het, en ekself, Doreen Roberts, wat GB Uitreik / NG Kerk verteenwoordig het. Baie ander mense het vrywillig hul dienste aangebied en bygedra om hierdie projek 'n sukses te maak. Ons het permitte gekry om in Wyk 100 te werk. Die Lions Club het hul klubhuis aan ons beskikbaar gestel. Ongelukkig kon ons nie die kerkperseel gebruik nie omdat dit onwettig was om vanuit kerke te werk en dit nie 'n geregistreerde verspreidingspunt was nie.

GB Security het permitte vir 10 van hul lede gereël om die kospakkies by die huise in Wyk 100 af te lewer. Aanvanklik was hulle die enigste mense wat in Casablanca en Secor Park toegelaat is om die kos by die sopkombuise af te lewer. Namate die beperkings op aflewering by huise opgehef is, het 'n klompie merkwaardige vrywilligers uit ons gemeenskap hul eie hulpbronne en tyd aangebied en onvermoeid gewerk om te verseker dat die kospakkies die behoeftige gesinne bereik. Ds Johan en Ds Melissa van die ordonsbaai NG Kerk het albei as vrywilligers opgetree om kospakkies af te lewer.

Die Sopkombuis: Projekleiers het sodra hulle kon die aankoop en verspreiding van die kosvoorrade oorgeneem en hulle hanteer dit sedertdien.

Tot op hede het ons net meer as R300 000.00 ingesamel wat in ons gemeenskap teruggeploeg is deur middel van kosondersteuning aan die 5 **Sopkombuise** in Casablanca, Secor Park en Temperance Town, asook verskeie ander gebiede waar die nood groot was. Ons het gehelp waar ons kon. Ons het ongeveer 600 mense (hoofsaaklik kinders) deur die Sopkombuise bereik en vir meer ondersteuning die voedingskema van ons gewone 2 dae na 3 dae vermeerder. Vanaf die einde van Julie is dit weer verminder na 2 dae per week omdat mense begin terugkeer het werk toe.

All die kosvoorsieningsprojekte is uit die Covid-kospakkieprojek ondersteun. Sanette Strydom het hard gewerk om die in- en uitbetalings van die Covid-rekening te laat klop. Ons sou verlore gewees het sonder haar gebruiklike superdoeltreffende werketiek. Sy het regdeur die hele proses positief gebly ongeag die druk waaronder sy was.

Ons het tussen 12 en 16 kospakkies by Mariners verskaf, Gordon Villas op Maandae van tussen 150 en 200 toebroodjies voorsien, en tussen 80 en 120 gesinne van kospakkies voorsien, afhangende van die nood.

Teen die einde van November het ons net meer as **1 500 kospakkies** afgelewer. In Desember het ons 30 wonderlike Kerskospakkies gegee aan gesinne wat nog gebrek gely het.

Sedert Mei 2020 skenk ‘n kosfabriek in Strand elke Maandag, Woensdag en Vrydag groot hoeveelhede pizza-basisse, snye brood, roti’s, krotons, sop en verskillende ander kosvoorrade. Danksy die groot hoeveelheid kan ons ook kos versprei aan SenCit, Pam Brink, Huis Conradie, Sylvia Frank House, ander sopkombuise in die omgewing, Bright Lights, Pastoor Massyn van Pinkster Park en Good Hope Foundation. Hierdie reëling is tans ‘n standaardprosedure as ‘n verspreidingspunt vir die kosdonasies aan verskillende organisasie.

Ons Covid-kospakkieprojek sou Desember 2020 ten einde geloop het. Mense het stadig teruggekeer werk toe en die aantal behoeftige gesinne het stelselmatig afgeneem. Ná ‘n vergadering het ons besluit dat die mense wat ons maande lank ondersteun het, oorgegee moes word aan Margareth Knipe, die aangestelde maatskaplike werker by die NG Kerk sodat sy na hul behoeftes en gesinsdinamika kon kyk met die oog op moontlik ook ander ondersteuning.

Omdat die Vlak 3-inperking egter voor die begin van die nuwe jaar aangekondig is, het die Covid-groep byeengekom en besluit om die Kospakkieprojek voort te sit tot 15 Februarie, die voorgestelde datum vir die opheffing van die inperking. Die gevalle waaroor ons bekommerd is, sal aan Margareth Knipe oorgegee word.

Kersfees vir die Kinders

GB UITREIK het lekkergoedpakkies vir die kinders vir Kersfees opgemaak en versprei.

- 125 pakkies is aan The Ark City of Refuge,
- 50 aan die Covid-kospakkieprojek, en
- 425 aan die kinders by die GB Uitreik-sopkombuis geskenk.

OPWINDENDE NUUS

Die Covid-span het 22 September 2020 ‘n liefdadigheidswinkel met die naam Gordon’s Bay Charity Chest in Lancaster-weg geopen. ‘n Behoefte aan ‘n liefdadigheidswinkel het ontstaan toe ons besef het dat almal in ons gemeenskap ekonomies swaar getref is. Die liefdadigheidswinkel gee mense wat nie noodwendig fondse het om te skenk nie, ‘n kanaal om tot ons projekte vir die opheffing van ons gemeenskap by te dra deur waardevolle items wat hulle nie meer gebruik nie, te skenk en terselfdertyd hierdie items teen meer bekostigbare pryse aan mense in ons gemeenskap beskikbaar te stel. Die totale opbrengs word kwartaalliks onder die 5 organisasies verdeel om hul projekte verder te ondersteun. Die winkel is baie gewild en die bankrekening toon tans wins van R48 000.00. Ons hou te alle tye drie maande se huur en bedryfskoste van die winkel in die rekening.

Elke organisasie werk een dag per week, Dinsdae tot Vrydae vanaf 12:00 - 17:00 en Saterdae vanaf 09:00 - 12:00.